# Die status van die geskiedenis in die werk van Jacques Derrida[1]


## Andries Visagie



## Opsomming

Die Franse filosoof, Jacques Derrida, word soms daarvoor gekritiseer dat sy werk ahistories en apolities is. In hierdie artikel word Derrida se opvattings oor, onder meer, tekstualiteit, *différance* en die metafisika ondersoek en word daar telkens gekonsentreer op die implikasies wat Derrida se denke vir die geskiedenis inhou: die strategiese oogmerk van Derrida se stelling dat daar niks buite die teks is nie, is om aan te toon dat die werklikheid slegs deur middel van 'n interpretatiewe ervaring benader kan word. Wat *différance* betref, word gewys op die rol van die temporele dimensie: die betekeningsproses vereis die samespel van retensies uit die verlede. Derrida problematiseer die logosentriese, metafisiese konsep van die geskiedenis en lewer 'n pleidooi vir 'n plurale, heterogene geskiedenisbegrip. Alhoewel Derrida se dekonstruksie nie oor 'n uitgebreide sosiale teorie beskik nie, kan 'n indringende bemoeienis met die geskiedenis, hetsy literêr of historiografies, nouliks ontkom aan sy uitdagende perspektiewe op die geskiedenis.

## Summary

Some critics of the French philosopher, Jacques Derrida, have labelled his work as ahistorical and apolitical. In this article Derrida's views on, among others, textuality, *différance* and metaphysics are scrutinized for the implications they may have for history: the strategic objective of Derrida's statement that there is nothing outside the text, is to demonstrate that reality can be approached only by an interpretative experience. The role of the temporal dimension in *différance* is stressed: the process of signification cannot be realized without the play of retentions from the past. Derrida problematizes the logocentric, metaphysical concept of history and suggests a plural, heterogeneous apprehension of history. Although Derrida's deconstruction does not include an extensive social theory, hardly any penetrating historical inquiry, whether literary or historiographical, can ignore Derrida's compelling challenge to history.


Alhoewel Jacques Derrida se denke merkbaar verskil van die postmodernisme van filosowe soos Jean-François Lyotard en Jean Baudrillard (Norris 1987: 169) is sy invloed op die postmodernistiese kuns en kritiek aansienlik. Die vraag of die geskiedenis genoegsame aandag in die postmodernistiese literatuur ontvang, sal daarom vollediger beantwoord kan word indien Derrida se uitsprake oor die geskiedenis eers afsonderlik in oënskou geneem

word. In hierdie artikel word byna uitsluitlik gekonsentreer op die rol wat die geskiedenis in Derrida se oeuvre speel. Die vraag wat deurgaans gestel word, is of Derrida die geskiedenis op 'n bevredigende manier by sy filosofiese projek integreer. Daar word nagegaan in watter mate die geskiedenis neerslag vind in Derrida se opvattings oor tekstualiteit en *différance*. Verder word daar ook ondersoek ingestel na Derrida se bevraagtekening van die metafisiese inslag van die geskiedenis as konsep waarna die waarde van sy besinning oor iterabiliteit en konteks vir die geskiedskrywing in oënskou geneem word.

Terry Eagleton (1983: 148) se bewering dat Derrida se werk "grossly unhistorical, politically evasive and in practice oblivious to language as 'discourse'" is, en dat daar geen duidelike opposisie tussen die "outentieke" Derrida en die misdrywe van sy volgelinge bestaan nie, is 'n beswaar wat gereeld deur Marxistiese teoretici teen die poststrukturalisme geopper word. 'n Tweede punt van kritiek hou verband met Derrida se omstrede uitspraak: "*There is nothing outside of the text* [there is no outside-text; *il n'y a pas de hors-texte*]" (Derrida 1974: 158). Volgens David Lehman bevorder Derrida en die dekonstruktiviste 'n beskouing van die geskiedenis "as either irrelevant to the study of a given text or as itself a scripted text, with no more substance than a movie" (1991: 110-111). Die kritiek op Derrida se hantering van die geskiedenis is dus tweërlei: tematies is Derrida in sy tekste onverskillig en vaag teenoor die geskiedenis en die politiek, en sy metodologiese opvatting oor tekstualiteit is ahistories omdat dit die historikus toegang tot die werklikheid buite papier en ink ontsê - die geskiedenis word tot 'n blote teks "gereduseer". Om vas te stel of Eagleton en Lehman se kritiek gegrond is, moet 'n sorgvuldige studie van Derrida se uitlatings oor tekstualiteit en die geskiedenis gemaak word.

## 1 "Daar is niks buite die teks nie"

Derrida het al herhaaldelik sy omstrede stelling dat daar niks buite die teks is nie, verdedig deur daarop te wys dat dit sy oogmerk hiermee is om die grense tussen teks en werklikheid te problematiseer. Sy bedoeling was egter nooit om die werklikheid (insluitende die politiek en die geskiedenis) te ontken nie:

> What has happened ... is a sort of overrun that spoils all these boundaries and divisions and forces us to extend the accredited concept, the dominant notion of a "text", of what I still call a "text", for strategic reasons, in part - a "text" that is henceforth no longer a finished corpus of writing, some content enclosed in a book

> or its margins, but a differential network, a fabric of traces referring endlessly to something other than itself, to other differential traces. Thus the text overruns all the limits assigned to it so far ... everything that was to be set up in opposition to writing (speech, life, the world, the real, history ... and so forth) .... [I]t was never our wish to extend the reassuring notion of the text to a whole extra-textual realm and to transform the world into a library by doing away with all boundaries, all framework, all sharp edges ... but that we sought rather to work out the theoretical and practical system of these margins ... from the ground up.
>
> (Derrida 1979: 83, 84)

Vir Derrida is 'n teks dus meer as net 'n geskrif op papier. Dit was om strategiese redes dat hy die konsep van teks so uitgebrei en veralgemeen het dat dit feitlik alle perke oorskry: uiteindelik is daar niks buite die teks nie. Met hierdie strategiese oorwegings in gedagte kan Derrida aanvoer: "South Africa and *apartheid* are, like you and me, part of this general text, which is not to say that it can be read the way one reads a book" (1986a: 366, 367). Die referent (Suid-Afrika, apartheid ensovoorts) word nie opgehef, ontken of tot die bladsye van 'n boek beperk nie. Maar wat wel gebeur is dat elke referent vir Derrida die struktuur van 'n differensiële spoor ("trace") verkry. En dit is net deur middel van 'n interpretatiewe ervaring dat daar na hierdie "werklikheid" verwys kan word. Verder is dit slegs by wyse van *differensiële* verwysing dat betekenis deur 'n interpretatiewe inset vrygestel kan word (Derrida 1988: 148).

Die teks is 'n terrein waar uiteenlopende kragte mekaar ontmoet - die teks is heterogeen, differensieel en oop. Dekonstruktivistiese ondersoeke is daarom nie bloot diskoersanalises nie, maar effektiewe en aktiewe intervensies, in besonder politieke en institusionele intervensies wat kontekste transformeer. Derrida beweer dat sy strategiese herwaardering van die teks as konsep hom daartoe in staat stel om op 'n meer konsekwente manier die teorie en die filosofie met die "praktyk" en die politiek in aanraking te bring. Derrida wys daarop dat die dekonstruksie dikwels daarvan beskuldig word dat dit na binne gekeer is en neerkom op 'n "enclosure by the limits of language" (1986a: 367). Sy verweer hierteen is dat dit die *uitgangspunt* van dekonstruksie is om "logocentrism, the linguistics of the word, and this very enclosure itself" te dekonstrueer (Derrida 1986a: 367).

Die poststrukturalistiese beskouing van intertekstualiteit kan nie in afsondering van Derrida se strategiese uitbreiding van die teks as konsep bestudeer word nie. Vir die poststrukturalis bevat elke teks noodwendig die spore van *alle* ander tekste. Geen teks kan daarop aanspraak maak om betekenis in sy geheel vas te vang nie; betekening spoel oor die grense van die een (literêre, historiese, politieke) teks na 'n oneindige aantal ander tekste. Met elke geskrewe of gesproke woord word dít wat alreeds geskryf

of gesê is, herhaal, opgehaal of aangehaal - dit is onmoontlik om *nie* te siteer nie (Claes 1987: 14). So kan die literêre beskrywing van die Suid-Afrikaanse politiek tydens die jare tagtig in Etienne van Heerden se *Casspirs en Campari's* (1991) nie geïsoleer word van die onoorskoubare hoeveelheid historiese gegewens wat oor dié tydperk bestaan nie. Intertekstualiteit wys uit na die onagterhaalbare interbetreklikheid van tekste en tekens en dui op die historiese ruimte waarbinne een onderskeiding altyd weer 'n ander onderskeiding oproep. Intertekstualiteit verwys dus na die verweefdheid van tekste waaruit die wêreld bestaan en waarvan boeke 'n klein onderdeel is (Degenaar 1990: 4).

Die interbetreklikheid van tekens en tekste hou verband met *différance*. Derrida het die begrip *différance* gemunt met verwysing na die twee betekenisse van die Franse werkwoord *différer*, naamlik "uitstel" in tyd en "verskil" in ruimte (Derrida 1989a: 31-32). Met *différance* bou Derrida voort op Saussure (1983) se opvatting oor die differensiële aard van die teken. Timothy Yates (1990: 254) merk op dat geskiedskrywing vir Derrida "in" *différance* gesetel is. Indien die geskiedenis as *différance* beskou word, volg dit dat die hede weer oopgestel word vir die verlede aangesien die een gesitueer word met betrekking tot die ander. *Différance* besit immers naas 'n ruimtelike dimensie ook 'n *temporele* dimensie: elke element wat betrokke is by die betekeningsproses moet 'n betrekking aangaan met 'n ander element

> waarbij het de markering van het *voorbije* (kursivering myne) element vasthoudt en zich door zijn verhouding tot het toekomstige element reeds laat markeren en inkerven. Daarbij staat dit spoor evenzeer in verhouding tot wat de toekomst als tot wat het verleden wordt genoemd, en constitueert het de zogenaamde tegenwoordigheid precies op grond van die betrekking tot wat het niet is.
>
> (Derrida 1989a: 38)

Die hede as teenwoordigheid "bestaan" dus slegs met betrekking tot die verlede en die toekoms, oftewel deur middel van betekenisretensies (vanuit die verlede) en betekenisprotensies (gerig op die toekoms).

Derrida merk op dat *différance* onversoenbaar is met die statiese, sinchroniese en ahistoriese aspekte van struktuur as konsep omdat differensies die gevolge van *transformasies* is. Differensies het dus nie kant en klaar uit die hemel geval nie en is ook nie eens en vir altyd binne 'n geslote sisteem ingeskryf nie (Derrida 1981: 27). As 'n spelbeweging dui *différance* op die proses waardeur taal histories gekonstitueer word as 'n netwerk van differensies (Degenaar 1990: 4). As die woord "geskiedenis" nie vir Derrida die byklank van uiteindelike onderdrukking van differensie gehad het nie, sou hy wou aanvoer "dat alleen differenties van begin af aan, vanaf de

eerste worp in het spel, door en door 'historisch' kunnen zijn" (Derrida 1989a: 36). Hierdie beklemtoning van die historiese aspek van *différance* weerspreek op die oog af Eagleton se kritiek dat Derrida se benadering "grossly unhistorical" (1981: 148) is. Daar moet egter bepaal word of Derrida se herhaaldelike gebruik van aanhalingstekens rondom die woord "geskiedenis" nie indirek neerkom op 'n ontkenning van die geskiedenis nie.

## 2 Derrida en die historisisme: *Edmund Husserl's* Origin of Geometry: *An Introduction*

Tydens 'n kongres in 1986, enkele dekades na die verskyning van sy studie *Edmund Husserl's* Origin of Geometry: *An Introduction* in 1962, bevestig Derrida sy verbintenis tot die fenomenoloog Edmund Husserl se kritiek op die empiriese historisisme. Enige bemoeienis met die geskiedenis vereis volgens Derrida dat die Husserliaanse kritiese ondersoek end-uit gevoer word: "It has been indispensable for me - since *The Origin of Geometry* - for what later developed under the title of deconstruction, even if it led to a deconstructive reading of Husserl and Heidegger" (Derrida 1990: 92). In *Edmund Husserl's* Origin of Geometry: *An Introduction* sluit Derrida aan by Husserl in sy lojale perspektief op *transendentale*[2] historisiteit. In sy later werk rig Derrida sy kritiek egter toenemend op die filosofie van geskiedenis as 'n metafisiese projek. Derrida het dus 'n verskuiwing in sy denke ondergaan, maar sy inleiding tot Husserl bied nietemin 'n sterk aanduiding van die ontwikkeling wat hy hierna sou deurloop.

Volgens Rudolf Bernet (1989: 143) is die fenomenologie van geskiedenis 'n vraagstelling na die manier waarop oorspronklike betekenis ("sense") tot stand kom in die proses van historiese reproduksie, toe-eiening deur die gemeenskap, sedimentasie en transmissie. Die fenomenoloog stel dus daarin belang om na te vors hoe 'n feit 'n betekenis verkry, 'n betekenis wat nooit finaal afgesluit word nie. Die nut wat Husserl se werk moontlik vir die geskiedskrywing kan inhou, blyk onder meer uit sy standpunt dat begrippe soos "konstituerende oorsprong" en "historiese transmissie" interafhanklik is. 'n Soortgelyke interafhanklikheid bestaan ook tussen *logos* en *telos*, twee begrippe waarna Derrida dikwels verwys in sy latere werk. Die Griekse woord *logos* verwys enersyds na "spraak" en andersyds na die "rede" of die "rasionele" (*Greek Philosophical Terms: A Historical Lexicon* 1967: 110). Richard Harland (1987: 146) merk op dat die woord *logos* die "inward rational principle of verbal texts, the inward rational principle of human beings, and the inward rational principle of the natural universe" in 'n enkele konsep saamsnoer. Volgens Derrida word daar soms na die *logos*

verwys as "the continuous full element of the divine word" (1974: 68). As 'n inwendige rasionele beginsel is die funksie van die *logos* om beheer uit te oefen oor uitwendige materiële dinge. Die woord *telos* word met "voltooiing", "voleinding", "uiteinde" en "doel" in verband gebring. Die *telos* veronderstel met ander woorde dat daar 'n doelgerigtheid in die werking van die kosmos is (*Greek Philosophical Terms: A Historical Lexicon* 1967: 191). Derrida wys daarop dat die *logos* op 'n paradoksale manier bepaal word deur die teleologiese gerigtheid wat daaruit (dit wil sê uit die *logos* self) voortspruit:

> *If there is any history*, historicity can be only the passage of Speech [*Parole*], the pure tradition of a primordial Logos toward a polar Telos. But since there can be nothing outside the pure historicity of that passage, since there is no Being which has sense outside of this historicity or escapes its infinite horizon, since the Logos and the Telos *are* nothing outside the *interplay (Wechselspiel)* of their reciprocal inspiration, this signifies then that the *Absolute is Passage* ... [E]very return to the origin [is] an audacious move toward the horizon.
>
> (Derrida 1978: 149)

So moet enige poging om die oorspronklike betekenis van die geometrie te ontsluit, noodwendig begin met die reeds bestaande geometrie soos dit tans daar uitsien: 'n terugkeer na die oorsprong veronderstel dus dat die teleologiese horison terselfdertyd in die oog gehou word. Husserl noem hierdie proses 'n terugreikende vraagstelling (*Rückfrage*). Dit is 'n vorm van kommunikasie waardeur die ondersoeker vanuit 'n agternaposisie vrae stel oor die primordiale en finale intensie van dít wat deur tradisie aan hom oorgedra is (Derrida 1978: 50). Die terugreikende vraagsteller het onvermydelik te kampe met *vertraging* aangesien die oorspronklike betekenis eers agterna begryp kan word: betekenisvolheid word in werklikheid bepaal deur die versending daarvan, dit wil sê deur die verskeidenheid vorme van kommunikasie waardeur dit van sy oorsprong losgemaak word (Bernet 1989: 143). Vir Derrida is vertraging die filosofiese absolute omdat die begin van 'n metodiese besinning geleë is in 'n bewussyn van die samespel van 'n *ander* voorafgaande, absolute oorsprong. Hierdie alteriteit van die absolute oorsprong verskyn in die ondersoeker se lewende hede ("*Living Present*"). Die oorsprong kan slegs in die primordialiteit van iets soos dié lewende hede verskyn en as sodanig herken word (Derrida 1978: 152-153). Hierdie lewende hede impliseer egter 'n oorskryding na iets anders: die lewende hede is weliswaar die enigste en absolute oorsprong van die de facto en die de jure, van syn en betekenis, maar is terselfdertyd "always other in its self-identity". 'n Afgesonderde bestaan binne die "onskuldige", onverdeelde en primordiale absolute is dus onmoontlik, want "the Absolute

is *present* only in being *deferred-delayed* [*différant*] without respite" (1978: 153). *Différance* bepaal dat die lewende hede as absolute oorsprong die volgende omvat: 'n bewussyn dat die toekoms onbepaald in die hede aangekondig word en dat die verlede die hede deurspeel (Hobson 1987: 111). Die absolute oorsprong is dus 'n "differ*a*nte" oorsprong - "the never-yet-always-already-there as the 'beyond' or 'before' that makes all sense possible" (Leavey 1978: 18).

Die terugreikende vraagstelling is in der waarheid 'n voortgesette vraagstelling: Derrida verwys na hierdie prosedure van Husserl as 'n "'*zigzag*' way of proceeding - a procedure ... as a sort of necessary '*circle*' and which is only the pure form of every historical experience" (Derrida 1978: 50-51). In 'n historiese ondersoek moet daar dus gependel word tussen *logos* en *telos*. Bernet (1989: 144) wys daarop dat 'n fenomenologiese ondersoek na die a priori van die geskiedenis die bestaande historiese feite as vertrekpunt neem. Hierdie feite kan egter net op grond van 'n reeds bestaande begrip van die essensie van geskiedenis as historiese feite herken word. Husserl se idees oor dié voortdurende sirkelgang in die bestudering van historiese ervarings is indirek 'n bevraagtekening van opvattings oor die lineêre verloop van die tyd en die geskiedenis. Derrida distansieer hom dan ook van die "factual interconnections of empirical history ... and ahistoric adding on" (1978: 26).

Derrida beweer dat nalatigheid, vergeetagtigheid, verskuilings en misverstande essensiële aspekte van die proses van historiese transmissie is (Bernet 1989: 144). Derrida (1978: 93) beskou vergeetagtigheid selfs as 'n historiese kategorie en vra: "Must not the 'critical' forgetfulness of origins be the faithful shadow in truth's advance rather than an accidental aberration" (1978: 105). Beide behoud en verlies is dus betrokke by historiese transmissie net soos die terugreikende vraagstelling terselfdertyd blootlegging en verskuiling tot gevolg het (Bernet 1989: 144).

## 3 Die verhouding tussen geskiedenis en metafisika

In *Edmund Husserl's* Origin of Geometry*: An Introduction* maak Derrida (1978: 153) die gevolgtrekking dat differensie transendentaal is. Hierna het hy egter *différance* as strategie verfyn en transendensie toenemend met skeptisisme benader. In 1971 verklaar hy in 'n onderhoud dat hy sy kritiek juis teen die gesag van betekenis as die transendentale betekende of as die *telos* rig, "in other words history determined in the last analysis as the history of meaning, history in its logocentric, metaphysical, idealist ... representation" (Derrida 1981: 49-50). Met verwysing na J.L. Austin omskryf Derrida

(1988: 93) die metafisika as die "hierarchical axiology, the ethical-ontological distinctions" wat beslag gee aan waarde-opposisies in 'n saambundeling rondom 'n ideale en onvindbare beperking. Die waardes word verder in hulle opposisiepare aan mekaar ondergeskik gestel. Die metafisika is in die tweede plek die projek wat op 'n "strategiese" en ideale manier terugkeer na 'n oorsprong of 'n "prioriteit" wat as enkelvoudig, heel, normaal, suiwer, standaard en self-identiek beskou word sodat daar *dan* in terme van afleiding, komplikasie, agteruitgang, ongeluk ensovoorts gedink kan word. As gevolg van hierdie prosedure is metafisici geneig om te glo dat goed kwaad voorafgaan; negatief volg na positief, kompleksiteit na eenvoud, onsuiwerheid na suiwerheid, ensovoorts.

Vir Derrida word die Westerse metafisika nie bloot deur transendentale denke gekenmerk nie, maar spesifiek deur 'n logosentriese instelling, dit wil sê 'n beskouing waarvolgens die *logos* verbind word met teenwoordigheid, die prioriteit van die bewussyn en intuïsie, asook 'n klinkklare korrespondensie tussen logiese konsepte en konkrete objekte (Ryan 1982: 11). Logosentrisme bevoordeel die bewussyn as 'n oorsprong van ideale betekenis. Volgens Michael Ryan (1982: 24) dekonstrueer Derrida die vanselfsprekendheid wat die model van selfteenwoordigheid omgewe deur aan te toon dat laasgenoemde in werklikheid 'n konstruksie is. Selfteenwoordigheid is 'n produk van 'n verskeidenheid geskiedenisse, institusies en inskripsieprosesse wat nie deur die bewussyn as 'n terrein van suiwer idealiteit getransendeer kan word nie.

In sy bespreking van die voorrang wat gesproke taal bo geskrewe taal (*écriture* of *writing*) in die werk van Jean-Jacques Rousseau geniet, verwys Derrida onder andere na Rousseau se negering van die geskiedenis. By Rousseau is daar telkens sprake van 'n terugkeer na 'n oorsprong. Die "primitiewe tye" waarna hy verwys, kan volgens Derrida aan geen datum, gebeurtenis of chronologie gekoppel word nie. Rousseau gaan van die veronderstelling uit dat elke moontlike historiese struktuur 'n prehistoriese, presosiale en prelinguistiese onderbou het wat altyd blootgelê kan word (Derrida 1974: 252). Derrida toon aan dat toegang tot die prelinguistiese oorsprong van taal onmoontlik is, wat impliseer dat Rousseau in der waarheid terugreik na 'n suiwer mitologie wat gestroop is van 'n beredeneerde of historiese substansie (Norris 1987: 126). Derrida veronderstel immers dat die verlede absoluut is, "an always-already-there that no reactivation of the origin could fully master and awaken to presence" (1974: 66). Norris dui aan dat die onderdrukking van *écriture* vir Derrida altyd gepaard gaan met 'n "mystique of origins that works to efface real history - the history of civil and political institutions - by evoking a long-lost 'organic' community of souls where speech would suffice for all authentic social needs" (1988:

153). Rousseau wil dus die geskiedenis transendeer deur hom te beroep op 'n gemistifiseerde teorie oor oorspronge. Die geskiedenis word aan bande gelê deurdat dit teruggevoer word na 'n oorsprong wat nie bestaan nie en wat omgang met verandering, differensie en politieke omstandighede onmoontlik maak. Rousseau ondermyn uiteindelik *écriture* om sy mitologie oor die mens en die natuur te kan handhaaf: dit is immers *écriture* wat werklike geskiedenis, kennis, representasie en geartikuleerde denke moontlik maak. Die uiting van natuurlike selfteenwoordige spraak word altyd deur *écriture* voorafgegaan. Dit is uiteindelik slegs deur middel van geskrewe taal dat Rousseau oor die oorspronge van taal, die samelewing en institusies kan besin (Norris 1987: 127).

'n Transendentale geskiedenisopvatting is dus vir Derrida onbevredigend. Hy maak beswaar teen geskiedenis wat 'n afsluiting ("closure") van historisiteit veronderstel. Soos Bennington en Young (1987: 9) tereg opmerk, sou Derrida nouliks kon akkoord gaan met Fredric Jameson se benadering tot die geskiedenis: Jameson beklemtoon dat dit nodig is om te historiseer, maar grondves hierdie oproep op 'n transendentale beskouing van Geskiedenis as uiteindelik die enigste en finale afsluiting van 'n analise wat 'n veelheid van perspektiewe en relatiwiteit in aanmerking wil neem. Jameson se Geskiedenis is in werklikheid deel van die Marxistiese "metaverhaal" oor produksiemodusse; vanuit 'n transendentaal-kritiese oogpunt kan die bevoorregte status van hierdie "metaverhaal" nie ondogmaties gemotiveer word nie.

Die poststrukturalis kan die absolute teenwoordigheid van historiese gebeurtenisse nie sonder meer aanvaar nie. In 'n Marxistiese beskouing van die dekonstruksie ondersoek Michael Ryan (1982) onder meer die implikasies wat Derrida se problematisering van absolute teenwoordigheid vir die geskiedenis inhou. Ryan merk byvoorbeeld op dat 'n historiese gebeurtenis geproduseer word deur aaneengeskakelde kettings van betekenaars wat die "homogene" gebeurtenis deurkruis en wat daaraan 'n veelkantigheid verleen. Die teenwoordigheid van die historiese gebeurtenis is dus versprei in kettings van betekenaars. Die waarheid van die gebeurtenis, kan nooit heeltemal agterhaal word nie. As gevolg van die veelvuldige kettings van differensiële verhoudings in en rondom die gebeurtenis, kan dit nie as 'n teenwoordigheid geponeer word waaraan 'n absolute en alles-insluitende betekenis toegeken kan word nie. Die historiese gebeurtenis word dus 'n "teks" wat eindeloos ontsyfer kan word sonder dat 'n finale betekenis of 'n volledige waarheid daaruit gedistilleer kan word. Enige poging om die kern of middelpunt van 'n historiese gebeurtenis - oftewel die betekenis of waarheid van 'n teks - te isoleer, het tot gevolg dat die marginale uit die oog verloor word. Die marginale is juis die ontmoetingsterrein waar verskillende tekste

(letterkunde, filosofie, geskiedenis, sosiale verhoudings, institusies, konvensies, ensovoorts) met mekaar in aanraking kom. Die geskiedenis word in 'n sekere mate dus oor die hoof gesien indien 'n enkele gebeurtenis in die geskiedenis geïsoleer word (Ryan 1982: 24).

Die dekonstruksie van sowel die teenwoordigheid van die waarneembare gebeurtenis as die gesag van die enkele oorsaak omvorm daardie kousale entiteit tot 'n funksie binne 'n breër differensiële teks. 'n Meervoudige basissisteem ontstaan wat die teenwoordigheid van die gebeurtenis vestig sonder dat dit terugval in 'n enkelvoudige vorm van teenwoordigheid. Ryan (1982: 41) wys op die politieke implikasies van die model wat rondom die enkele oorsaak sentreer en wat 'n belang daarin sou hê om oorlog te verklaar teen 'n oënskynlik eksterne vyand. 'n Dekonstruksie van die gebeurtenis, stel 'n mens in staat om ten minste te vermoed dat 'n interne politieke belang die eksterne vyand "gewerf" het om sy eie doelwitte te bereik.

Indien aanvaar word dat die wêreld van die geskiedenis geproduseer word as 'n differensiasieproses waardeur spesifieke gebeurtenisse ingesluit word deur groter kettings, reekse en strukture, volg dit dat alle kennis van die historiese wêreld wat selfgenoegsame gebeurtenisse isoleer van die differensiële kettings in der waarheid konvensioneel en gekonstrueer is. Daar kan dus nie beweer word dat die wêreld van die geskiedenis bestaan uit die natuurlike, spontane of intuïtiewe openbaring van 'n volledige waarheid en die teenwoordigheid van die ding as sodanig nie (Ryan 1982: 25). Yates verwys na die verlede as "a receptacle for significations which, while filling the vessel, overflow it and carry it off" (1989: 273). 'n Boesman-rotstekening, 'n alleenstaande moskee in Distrik Ses en 'n bronsbeeld van P.W. Botha is alles houers van betekening wat nooit tot die identiteite en suiwer idealiteite van hierdie woorde en name gereduseer kan word nie.

'n Verdere aspek van geskiedenis wat verband hou met die metafisika, en veral skakel met die kwessie van absolute teenwoordigheid, is die supplementariteit van die historiografie. Geskiedskrywing is 'n byvoeging tot afgelope gebeurtenisse; dit supplementeer en skep 'n nuwe metavlak wat daarop aanspraak maak dat dit die historiese gebeurtenisse transendeer. Ook hierdie metavlak kan aan beskrywing en verklaring onderwerp word sodat 'n volgende metavlak tot stand kom. Tydens die skryfhandeling moet die tyd self tot stilstand gebring word vir die skepping van teenwoordighede. Hierdie teenwoordighede is egter aanvullend tot die historiese konteks wat beskryf word; hulle staan buite die objek van beskrywing. Indien 'n teks 'n bepaalde historiese tydperk wil verklaar, kan dit nie self tot daardie tydperk behoort nie, want "the frame that marks its belonging does not itself belong. Whatever contextualizes a text cannot itself simply belong to that context -

so the frame of meaning becomes *parergon*, supplementary" (Yates 1989: 254). Juis die merker wat die verbondenheid aan 'n tydperk aandui, word van daardie tydperk afgeskei omdat dit as supplementêre aanduier of merker self nie werklik deel van enige tydperk is nie. Die metakommentaar wat tot stand kom tydens die skryfproses definieer die gebeurtenis of tydperk, maar oorskry dit terselfdertyd. Geskiedskrywing is dus selfoorskrydend: die konteks word ontwrig en die objek van die geskiedskrywing word verplaas in 'n onstabiele wentelbaan tussen hede en verlede. Vanweë die supplementêre aard van die historiografie kan dit nie op 'n onmiddellike toegang tot die verlede aanspraak maak nie - die supplement is middellik. In sy strewe na onmiddellike teenwoordigheid was dit Rousseau se oogmerk om die supplement as middellikheid uit te wis. Derrida (1974: 157, 159) verset hom egter teen hierdie opvatting oor die "gevaarlike", middellike supplement. Veel eerder as 'n metafisiese soektog na die teenwoordigheid van dít wat reeds gebeur het, is die poststrukturalistiese geskiedenis 'n ondersoek na dít wat steeds gebeur (Yates 1989: 254). Die geskiedenis speel steeds deur na die hede - die middellikheid van die geskiedskrywing as supplement kan nie as 'n eenmalige effek beskou word nie. Die teks van die geskiedenis word deur verskillende lesers telkens op nuwe maniere gelees. Roland Barthes (1977: 157) beweer dat daar geen einde aan die teks is nie: die leser (van sowel literêre as historiese tekste) ervaar die teks as 'n voortgesette produktiewe aktiwiteit. Die teks is daarom veel eerder 'n onvoltooide proses as 'n voltooide produk.

Bennington en Young (1987: 2) merk op dat die poststrukturalisme daarvoor verantwoordelik was dat die geskiedenis weer deel van die strukturalistiese projek geword het. Hulle voeg egter by dat die poststrukturalisme terselfdertyd die konsep van geskiedenis aan voortdurende vraagstelling onderwerp. Derrida (1970: 250) beklemtoon in dié verband dat dit sinneloos is om die metafisika aan te val sonder om gebruik te maak van die konsepte van die metafisika. Dit is onmoontlik om enige destruktiewe skuif te maak wat nie alreeds die vorm, logika en die implisiete postulate van juis dít wat bevraagteken word, aangeneem het nie. Derrida kan byvoorbeeld nie die metafisika van teenwoordigheid aanval sonder om na die metafisiese konsep van die teken te verwys nie. So ook kan die logosentriese, metafisiese konsep van geskiedenis nie van buite die metafisika ondersoek word nie.

In die metafisika tree die geskiedenis op as 'n geskiedenis van betekenis: "the history of meaning developing itself, fulfilling itself. And doing so linearly, ... in a straight or circular line" (Derrida 1981: 56). Die woord "geskiedenis" is volgens Derrida nog altyd met die lineêre opeenvolging van teenwoordighede geassosieer. Die oriëntasie van hierdie geskiedenis is gerig op 'n *telos* of uiteinde: betekenisse word in 'n teleologiese rangorde van

betekenisvolheid ingedeel. Die hiërargie van betekenisse is dus afgestem op die uiteindelike doelwit. Hierdie teleologiese teorie van geskiedenis as bloot 'n lineêre proses van evolusie, verbeur 'n plek in die komplekse web van tekens tesame met die wisselwerking tussen teenwoordigheid en afwesigheid (Eagleton 1983: 132). Derrida voorsien 'n geskiedenis wat bevry is van 'n lineêre skema en 'n monistiese en historisistiese inslag. Saam met Sollers sien hy uit na 'n "monumental history" as 'n "stratified, differentiated, contradictory practical series" (1981: 56).

Derrida se bedenkinge oor die metafisiese konsep van geskiedenis verhoed hom nie om dikwels die woord "geskiedenis" te gebruik nie. Hy stel daarin belang om die kragtige werking van die geskiedenis te herwin en om 'n ander konsep of konseptuele ketting van geskiedenis te produseer: "a history that ... implies a new logic of *repetition* and the *trace*" (Derrida 1981: 57). Die identiteit van die historiese gebeurtenis moet herhaalbaar wees - herhaalbaar buite homself en die huidige oomblik - om aan betekening te kan deelneem. Derrida gaan met Althusser akkoord dat daar nie net een enkele geskiedenis is nie, maar eerder "histories *different* in their type, rhythm, mode of inscription - intervallic, differentiated histories" (1981: 58).

Hierdie plurale, heterogene konsep van geskiedenis vereis dat die historisiteit van die geskiedenis aan die orde gestel word. Historisiteit kan egter net ondersoek word met verwysing na 'n definisie van essensie - die sisteem van essensiële eienskappe moet met ander woorde gerekonstitueer word. Verder moet die semantiese grondslae van die filosofiese tradisie, wat uiteindelik altyd neerkom op 'n insluiting van historisiteit op 'n ontologiese basis, hersien word (Derrida 1981: 58-59). Dit is daarom vir Derrida noodsaaklik om nie net die "essensie" wat deur die eeue aan geskiedenis toegeskryf is, dit wil sê die historisiteit van geskiedenis, te probeer omskryf nie - daar moet ook vrae gestel word oor die geskiedenis van essensie in die algemeen. Derrida (1981: 59) meen dat so 'n studie besonder omvangryk sal wees omdat dit uiteindelik die geskiedenis van die betekenis van die Syn sal moet betrek.

Namate Derrida se wantroue blyk in enige konsep wat in die metafisika met algehele teenwoordigheid geassosieer word sonder inagneming van die "medepligtigheid" van dít wat deur daardie konsep uitgesluit is, word dit duideliker waarom hy dit nodig vind om 'n konsep soos geskiedenis met aanhalingstekens te kwalifiseer. Derrida ontken dat sy gebruik van aanhalingstekens neerkom op 'n neutralisering van verwysing of 'n formalistiese sofistikasie wat geskiedenis op 'n afstand hou. Sy bedoeling met die aanhalingstekens is om "the sharpest sense of history" oor te dra, dit wil sê

> the history of concepts, of course, and among others, of concepts accredited by those who so easily think they know what they are talking about when they refer to "history", "society", "reality", and other similar things - but also the history of the concept of history.
>
> (Derrida1990:77)

Derrida (1990: 77) is daarom daarvan oortuig dat daar geen ander houding is wat meer histories is; wat groter verantwoordelikheid in die aangesig van die geskiedenis aan die dag lê, as juis die versigtige, maar nietemin algemene, gebruik van aanhalingstekens nie.

## 4 Herhaalbaarheid, konteks, geskiedenis

Met verwysing na *Limited Inc.* (1988) waarin Derrida sy opvattings oor iterasie uitspel, kan daar vervolgens gepresiseer word wat daar onder geskiedenis as 'n "new logic of *repetition*" (Derrida 1981: 57) verstaan word. Die geskrewe teken word gekonsipieer in die afwesigheid van die ontvanger. Derrida beweer dat hierdie vorm van verwydering, vertraging, uitstel oftewel *différance* tot 'n absoluutheid van afwesigheid gevoer kan word indien die struktuur van *écriture* selfkonstituerend is. Om as "geskrewe kommunikasie" te kan funksioneer, moet enige geskrif steeds leesbaar wees ondanks die algehele afwesigheid van 'n ontvanger. Die boodskap moet dus herhaalbaar wees in die absolute afwesigheid van die ontvanger: "A writing that is not structurally readable - iterable - beyond the death of the addressee would not be writing" (Derrida 1988: 7).

Die "identiteit" van die betekenaar is verbonde aan die verdeling of disassosiasie van homself. En hierdie verdeling of disassosiasie hang saam met die *herhaalbaarheid* (iterabiliteit) van die betekenaar, die moontlikheid dat dit herhaal kan word in die afwesigheid van 'n bepaalde betekende "or of the intention of actual signification, as well as of all intention of present communication" (Derrida 1988: 10). Derrida (1988: 53) voeg by dat die struktuur van iterasie sowel identiteit as differensie impliseer. Iterasie word gekenmerk deur die teenstrydigheid van 'n differensie wat dit as iterasie konstitueer. Die herhaalbaarheid van 'n element kom neer op 'n a priori verdeling van sy eie identiteit benewens die feit dat hierdie identiteit slegs deur differensiële verhoudings met ander elemente bepaal word. Iterasie het dus 'n differensiële struktuur wat ontkom aan die logika van teenwoordigheid, of die opposisie tussen

teenwoordigheid en afwesigheid, waarvan die idee van permanensie afhanklik is. Herhaalbaarheid ondermyn die stelligheid van opposisies. Dit problematiseer die suiwer eenvoud van die skeidslyn tussen binne en buite, ondermyn die hiërargiese ordening van elemente en plaas 'n verbod op uitsluiting. Herhaalbaarheid hou ook implikasies vir die temporele aspekte in: die geskiedenis van die teken is medebepalend vir die betekenis daarvan. Die noodwendige iterasie van betekenisretensies uit die geskiedenis van die teken bring mee dat die betekenis "altyd alreeds" gekonsipieer is. Derrida (1988: 92) praat daarom van die *wet* van herhaalbaarheid sonder om in die proses dié wet aan 'n logiese of transendentale beginsel te koppel.

Herhaling as 'n kenmerk van die verloop van die geskiedenis is nie 'n nuwe gedagte binne die filosofie van geskiedenis nie. Edward Said (1983: 120) beweer oor die geskiedskrywing dat die herhalende patrone waarvolgens die menslike sowel as die natuurlike bestaan vergestalt word, groter geloofwaardigheid kry sodra historici se belangstelling daarin om historiese verskynsels na hulle *oorspronge* terug te voer, afneem. Giambattista Vico konstateer byvoorbeeld dat die geskiedenis 'n menslike konstruksie is wat as herhalende siklusse aangebied word. Die geskiedenis van die mens ontwikkel volgens Vico van suiwer dierlikheid na 'n gematigde rasionaliteit waarna 'n oorverfynde intellektualiteit intree. Die kringloop word voltooi met die ontstaan van 'n nuwe barbarisme (Said 1983: 113). Derrida sal die sluitende struktuur van die geskiedenis as 'n herhalende kringloop waarskynlik met dieselfde agterdog as lineêre geskiedenis bejeën. Vir Derrida gaan iterasie immers gepaard met andersheid of alteriteit: "iterability does not signify simply repeatability of the same, but rather alterability of this same in the singularity of the event" (1988: 119). Herhaalbaarheid verander en kontamineer; "it leaves us no choice but to mean (to say) something that is (already, always, also) other than what we mean (to say)" (Derrida 1988: 62). Wanneer die historikus 'n historiese gebeurtenis - wat alreeds op grond van sy tekstuele karakter geen absolute teenwoordigheid is nie - boekstaaf, met ander woorde, herhaal, om dit van vergetelheid te red, word daardie gebeurtenis onvermydelik aan ver*ander*ing onderwerp. Deur herhaling verloor die gebeurtenis toenemend sy enkelvoudige identiteit: die identiteit van die gebeurtenis is uiteindelik te vinde in die differensiële verhouding tussen die gebeurtenis, die herhaling van daardie gebeurtenis asook in die differensies tussen die herhalings van die herhaling. Iterasie het tot gevolg dat enkelvoudigheid vervang word deur

meervoudigheid; en laasgenoemde impliseer differensie en alteriteit.

Herhaalbaarheid as 'n wesenlike kenmerk van *écriture* bring mee dat *écriture* van enige spesifieke konteks of gebeurtenis losgemaak word. Dit beteken egter nie dat daar 'n breuk met alle kontekste gemaak word nie. Die breuk vind met die sogenaamde werklike konteks plaas. Hierdie konteks sluit die volgende in:

> a certain "present" of the inscription, the presence of the writer to what he has written, the entire environment and the horizon of his experience, and above all the intention, the wanting-to-say-what-he-means.
>
> (Derrida 1988: 9)

Die aard van die teken is sodanig dat dit leesbaar bly, al is die ontstaansmoment daarvan heeltemal onagterhaalbaar, en selfs al is die leser onbewus van wat die skrywer bewustelik bedoel het om te sê op die juiste oomblik toe hy die teken neergeskryf het. Die herhaalbaarheid van die teken maak die rekontekstualisering daarvan moontlik sonder verwysing na die intensies van die skrywer of die aanvanklike konteks van produksie. Die teken kan aanleiding gee tot die skepping van 'n onbeperkte aantal nuwe kontekste. Dit impliseer egter nie dat die skrifteken buite 'n konteks geldigheid kan behou nie. Inteendeel, die implikasie is dat daar slegs kontekste is al beskik hierdie kontekste oor geen middelpunt of absolute verankering nie (Derrida 1988: 12). Derrida (1988: 136) voer selfs aan dat sy stelling "daar is niks buite die teks nie" dieselfde beteken as "daar is niks buite konteks nie".

Daar kan niks buite konteks bestaan nie, maar daar moet nietemin onthou word dat "the limit of the frame or the border of the context always entails a clause of nonclosure. The outside penetrates and thus determines the inside" (Derrida 1988: 152). Sonder die supplement kan daar nie van konteks sprake wees nie. Volgens Derrida moet daar in die geval van kontekste met die effek van 'n opening, spel ("play") en differensie rekening gehou word. Al word 'n bepaalde konteks ook gekenmerk deur 'n hoë vlak van stabiliteit en kompleksiteit kan dit hoogstens op 'n relatiewe vastigheid en geslotenheid aanspraak maak. 'n Konteks is daarom ook nooit heeltemal versadigbaar nie. 'n Poging om 'n konteks in sy totaliteit te bepaal, sou byvoorbeeld vereis dat die bewustelike intensie van die skrywer geheel en al teenwoordig en vir al die betrokkenes onmiddellik deursigtig moet wees (Derrida 1988: 18).

Die herskepping van 'n konteks kan nooit volmaak, neutraal of onskuldig wees nie. Dit is onvermydelik dat daar altyd 'n politieke oogmerk gedien word wanneer 'n projek aangepak word om die kontekste van uitings te bepaal. As deel van die interpretasie wat plaasvind tydens geskiedskrywing

word historiese gebeurtenisse gekontekstualiseer. Kontekstualisering geskied volgens 'n netwerk van differensies en alteriteit staan hier op die voorgrond aangesien verwysing voortdurend met betrekking tot die ander voltrek word (Derrida 1988: 136, 137).

Derrida (1988: 92) se oortuiging dat herhaalbaarheid die stelligheid van die opposisie tussen binne en buite problematiseer en dat hiërargie en uitsluiting sodoende ondermyn word, vind weerklank in sy voorstelle vir 'n dekonstruktivistiese beskouing van geskiedenis:

> a deconstructive understanding of history consists ... in transforming things by exhibiting writings, genres, textual strata (which is also to say - since there is no outside-the-text, right - exhibiting institutional, economic, political, pulsive [and so on] "realities") that have been repulsed, repressed, devalorized, minoritized, delegitimated, occulted by hegemonic canons, in short, all that which certain forces have attempted to melt down into the anonymous mass of an unrecognizable culture, to "(bio)degrade" in the common compost of a memory said to be living and organic. From this point of view, deconstructive interpretation and writing would come along, without any soteriological mission, to "save", in some sense, lost heritages.
>
> (Derrida 1989b: 821)

Derrida beklemtoon dat hierdie proses onlosmaaklik is van 'n opponerende evaluasie wat nie sonder 'n politieke oogmerk is nie: daar word immers 'n keuse gemaak oor watter feite opgediep moet word. Daarbenewens word hierdie opgediepte feite terselfdertyd getransformeer, "anders" gemaak. In die hedendaagse historiografie is daar heelwat voorbeelde van herwaarderings van werklikhede wat vroeër deur hegemoniese kanons onderdruk en negeer is. Richard Elphick en V.C. Malherbe onderneem byvoorbeeld 'n studie oor die Khoisan aan die Kaap om as korrektief te dien op die ontkenning van hierdie groep in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Baie skrywers oor die Kaapse geskiedenis het die Khoisan "tot onlangs met 'n paragraaf of selfs 'n enkele sin afgeskeep" (Elphick & Malherbe 1990: 1).

Die postmodernistiese roman word dikwels as 'n geskikte medium beskou vir 'n herwaardering van die amptelike weergawe van die geskiedenis. Brian McHale (1987: 90) toon aan dat die apokriewe geskiedenis wat in 'n postmodernistiese roman aangebied word die gekanoniseerde weergawe op twee maniere kan uitdaag: die apokriewe geskiedenis kan as 'n supplement tot die amptelike geskiedenis gelees word wat daarop gerig is om dít wat verlore gegaan het of onderdruk is, te herstel; of dit kan die amptelike geskiedenis geheel en al verdring. In sy roman *Kroniek uit die doofpot* het John Miles (1991) die vergete maar werklike lotgevalle van 'n enkele swart polisieman tot fiksie verwerk: Tumelo John Moleko het jare lank probeer

om reg en geregtigheid te laat seëvier nadat hy deur 'n polisie-offisier aangerand is. Uiteindelik is Tumelo John deur sy kollegas in die polisie vermoor. Miles se roman is in werklikheid 'n aanvulling van die ontoereikende bevindings van die regskommissies wat in 1990 bewerings oor die bedrywighede van moordbendes in die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte moes ondersoek.

## 5 Die problematiek rondom dekonstruksie, politiek en geskiedenis

Ten slotte word die kritiese perspektiewe op die implikasies wat Derrida se werk vir die geskiedenis en die politiek inhou, uitvoeriger bespreek. In *Marxism and Deconstruction* voer Michael Ryan (1982: 35) aan dat Derrida sy analises tot konsepte en taal beperk en dat hy sosiale instellings sodoende oor die hoof sien. Tog het Derrida sterk standpunt ingeneem teenoor die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid in sy artikel "Racism's Last Word" (1986b). Hierbenewens analiseer hy in "The Laws of Reflection: Nelson Mandela, in Admiration" (1987) onder meer die kritiek wat Nelson Mandela tydens die Rivonia-verhoor op die Suid-Afrikaanse regstelsel as 'n institusie van apartheid uitgespreek het. Hierdie voorbeelde verteenwoordig egter net 'n klein gedeelte van Derrida se oeuvre. Ryan (1982: 35) het gelyk as hy sê dat die dekonstruksie nie oor 'n sterk sosiale teorie beskik nie: in die dekonstruksie word die moontlikheid en belang van 'n sosiale teorie aangedui, maar so 'n teorie word nooit duidelik geformuleer nie. Die dekonstruksie wys op die logiese en strukturele noodsaaklikheid daarvan om die problematisering van metafisiese grondbegrippe soos die bewussyn, ideale betekenis, teenwoordigheid en natuur na "sosiale tekste" uit te brei. Derrida laat egter na om ondersoek in te stel na die funksie wat logosentriese prosedures in die voortsetting van diskriminasie op grond van ras, geslag en klas speel. Hy spits hom grotendeels toe op die analise van kettings van filosofiese konsepte.

Volgens Frank Lentricchia (1980: 176) het Derrida se dekonstruktivistiese benadering tot gevolg dat 'n klaarblyklik wye verskeidenheid Westerse filosofiese geskrifte verenig word in hulle gemeenskaplike logosentrisme. Die tradisionele filosofiese diskoers word blykbaar vir Derrida gekenmerk deur 'n monolitiese bemoeienis met 'n aantal selfgenoegsame logosentriese kwessies. Hierdeur word die indruk geskep dat die Westerse filosofiese diskoers grootliks ontkom het aan die veelheid van magsverhoudings wat elke samelewing deurkruis: die aansprake van die geskiedenis en die instellings van die geskiedenis is weerstaan. Lentricchia opper die beswaar dat

Derrida se tekstuele ondersoekterrein so omvattend en histories inklusief is dat daar uiteindelik ontken word dat 'n bepaalde teks ingebed is in omstandighede wat verskil van dié wat enige ander teks omring: "Our impression ... is that at a certain Olympian level of analysis the environments (intellectual, social, political, etc. of Plato, Descartes, Rousseau, and Lévi-Strauss are reassuringly interchangeable" (1980: 176-177). Lentricchia se standpunt is oortuigend, maar dit is onduidelik hoe hy sy bewering oor Derrida se nivellerende benadering tot die omstandighede wat tekste omring, kan rym met laasgenoemde se stelling dat alles deur *differensie* bepaal word.

Die kritiek van Ryan, Lentricchia en ook Edward Said vloei in 'n groot mate voort uit Marxistiese oorwegings. Volgens Said verhoed Derrida se leesmetode 'n mens om 'n greep te verkry op die "local material density and power of ideas as historical actuality" (1978: 701). Die motivering wat Said vir hierdie stelling bied, is dat Derrida belang stel in die blootlegging van onbepaalde elemente in 'n teks in plaas daarvan om die "simple reductive message" wat die teks veronderstel is om te bevat, weer te gee. Verder is dit onmoontlik om klassebelange teen mekaar op te weeg omdat alles in 'n teks altyd in 'n gelyke mate oop is vir suspisie en erkenning (Said 1978: 703).

Vir Yates (1990: 259) hou Derrida se werk belofte in vir die bestudering van die sosiale teks. Yates verwys in dié verband veral na die diskoers oor grense en die marginale asook na die oopstel van tekste wat dit moontlik maak om hulle heterogeniteit te ontgin. Yates (1990: 258) is nietemin bewus van die tekortkominge wat sigbaar word sodra daar probeer word om prakties gestalte te gee aan die politieke implikasies van die dekonstruksie. Dit is byvoorbeeld onduidelik hoe 'n logiese teenstrydigheid in 'n sosiale teenstrydigheid omgesit kan word; in die geskiedskrywing is hierdie transformasie onontbeerlik. Politieke teenstrydighede kan nie altyd gereduseer word tot die gapings en teenstrydighede in 'n logika wat op teenwoordigheid gegrond is nie. Derrida skiet tekort in 'n teoretiese besinning oor ideologie. Gevolglik kan hy nie uiteensit hoe betekenisse in werklikheid beslag kry nie: Derrida "remains unable to explain *how* ... closures are closed, presences maintained against difference, how meanings come to be conventional and habituated, cemented into the cultural unconscious" (Yates 1990: 258). Die spesifieke aard van die verskillende verskyningsvorms van logosentrisme (kapitalisme, kommunisme, apartheid ensovoorts) moet eers nagevors word voordat die historikus in Derrida se werk meer sal vind as bloot 'n aanduiding waar hy sy analitiese snit moet maak.

Edward Said (1978: 700) stem met Derrida saam dat daar 'n "kontrak" is wat eenhede van kennis, institusies en mag met mekaar verbind, maar vir Said gee Derrida nie genoegsame aandag aan die aard en werking van dié

kontrak nie. Wat sorg daarvoor dat hierdie kontrak onderhou word? Hoe gebeur dit dat 'n bepaalde sisteem van metafisiese idees, asook die hele struktuur van konsepte, praktyke en ideologieë wat daaruit ontwikkel, homself reeds sedert die antieke Griekse beskawing kan handhaaf? Watter magsfaktore bind hierdie idees aan mekaar? Is dit moontlik om 'n relevante skakel te lê tussen die manifestasies van logosentrisme en die entiteite wat dit deur die eeue bestendig het? Lentricchia (1980: 175) is dit eens met Said dat Derrida die grondslae vir 'n nuwe projek gelê het al is dié projek in 'n sekere sin nog onvoltooi. Die vrae wat Derrida se werk opwerp, word volgens Lentricchia reeds in die poststrukturalistiese geskrifte van Michel Foucault aangespreek. Foucault se oogmerk is om die nie-ontologiese inbedding van die betekenaar in die kulturele netwerke en matryse bloot te lê. Hoewel hierdie matryse ook aan differensie en verandering onderworpe is, kan hulle nietemin wanneer hulle 'n magsoorwig geniet, beslag lê op die betekenaar en dit gebruik om waarheid, waarde en rasionaliteit te skep. Hierdie waarheid, waarde en rasionaliteit word dan met geweld geïnstitusionaliseer as norme oftewel "coercive contexts for expression, meaning, and sanity that claim for themselves eternality and universality" (Lentricchia 1980: 176). Hierdie proses vind plaas al is dit onvermydelik dat die geïnstitusionaliseerde norme weldra deur nuwe strukture van dominasie verdring sal word.

Ondanks die gebreke in Derrida se teoretisering, bied hy tog nuwe gesigspunte op die geskiedenis as "a relation of similarity and difference, of repetition with change over time" (Henning aangehaal in Stempel 1987: 95). Degenaar (1989: 10) wys daarop dat die dekonstruksie die historiograaf op sy hoede stel om die geskiedenis nie te verwring deur 'n universele en ontologiese status aan historiese hiërargieë toe te ken nie. Sodra 'n geskrif op dié manier gefikseer en kragteloos gemaak word, word die herskryf van die geskiedenis as 'n opponerende handeling noodsaaklik om reg te laat geskied aan die ryk tekstuur van historiese artefakte en gebeurtenisse. Geen teks, wat daarna streef om die geskiedenis te herskryf as 'n korrektief op die bestaande geskiedskrywing, kan egter beskou word as die finale manier waarop die geskiedenis geïnterpreteer behoort te word nie. Volgens die dekonstruksie as strategie is dit onmoontlik om 'n finale lesing van die geskiedenis te gee. Uiteindelik relativeer en historiseer die dekonstruksie die manier waarop die historiograaf dink oor dinge en gebeurtenisse.